

Artikel 7 vir lidmate oor die 2020-vertaling

Kritiek op die misbruik van die Septuagint deur die 2020-vertaling van die Septuagint

Wie die voetnote van die 2020-vertaling deurgaans, sal dadelik sien dat die Masoretiese teks dikwels vervang is met die lesing van die Septuagint. **NB dit gaan nie vir my om daardie Septuagint-tekste wat aangehaal word in die Nuwe Testament nie. Dit gaan oor ander tekste in die Septuagint, wat gebruik word om die Hebreuse grondteks te vervang.**

'n Mens moet dadelik as kritiek daarteen sê:

- Die Septuagint is 'n vertaling
- Die Septuagint is nie kanoniek nie
- Die Septuagint is boonop 'n onbetroubare vertaling.

Uit die artikels wat ek hier saamgevat het, sal die lesers dadelik agterkom:

- Die Septuagint is onbetroubaar en die gebruik daarvan deur die 2020-vertaling moet baie ernstig bevraagteken word.

Daar word deur Ou Testamentici somer maklik daarvan uitgegaan dat daar agter die Septuagint 'n ouer en beter grondteks sit. I. Tov het die Septuagint terugvertaal in Hebreeus. Hierdie standpunt is nie wettig nie, want:

- Die Septuagint is nie 'n eenheidsvertaling nie. Daar is slegter en beter vertalings, dws elke Bybelboek verskil.
- Boonop kan bewys word dat die Septuagint dikwels 'n parafrase is. Met 'n terugvertaal na die Hebreeus kom jy dus dikwels nie by die grondteks uit nie, maar by die vertalers se interpretasie van die grondteks.
- Die teks van die Septuagint is dikwels langer as die Masoretiese teks.

Op grond hiervan het ek hierdie artikels versamel, sodat u goed kan sien wat die Septuagint is.